# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/19)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 6 September 2019*

***"Fifty lemons are a load for one person, but for fifty persons they are perfume" Ethiopian Proverb***

Hierdie week het die Nawel Fokus Groep, Valencia Fokus Groep en die Pomelo Fokus Groep hul finale telefoon konferensies vir die 2019 seisoen gehou waar die produsente verteenwoordigers vir die verskillende Citrus Growers' Association of Southern Africa streke die plaaslike groeitoestande en markontwikkelings bespreek het en die projeksies van die finale sitrusuitvoer-oes opdateer het. Op hierdie laat stadium in die seisoen met die pomelo's en nawels wat klaar is, kyk ons na die finale volume van sitrus wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is, om met sewe persent laer te wees as die oorspronklike skatting wat in Maart gedoen is. Nawel lemoene is met elf persent af en Valencia lemoene met 13 persent, dit het die grootste invloed gehad. Pomelo's is ook met ses persent af. Alternatiewe "aan-af" jare in terme van oeste blyk die hoofrede te wees hoekom die lemoene en pomelo's minder is, veral in die noordelike streke.

Senwes veral het 'n massiewe ommeswaai getoon; af met drie-en-dertig persent op hul rekord 8,9 miljoen kartonne nawel-oes laas jaar en byna veertig persent op hul soortgelyke groot 8,2 miljoen kartonne Valencias wat in 2018 gepak is. Bo en behalwe die afname in oeste, is produsente uit hierdie streek ook gekonfronteer met laer uitpakke as gevolg van windmerke, kleiner vrugte en swak kleur. Die swak kleurontwikkeling, veral vir láát valencias, was 'n algemene tema vir die noordelike streke. Limpoporivier, Hoedspruit, Zimbabwe en Eswatini blyk almal om ongeveer twintig present af op hul Valencias in vergelyking met verlede jaar te wees. Die Oos-Kaap streke, aan die ander kant, het baie soortgelyke volumes as verlede jaar gepak. Op soek na die positiewe resultate, die laer uitvoervolumes het verbeterde pryse in die markte gesien, veral soos die seisoen verloop het. Laat herstel van pryse in die Chinese en Russiese markte het verlig wat gelyk het na 'n rampspoedige jaar vir die pomelo produsente en uitvoerders. Valencia pryse is tans goed in alle markte.

Soos verwag kan word met die groeiende hektare suurlemoene en sagte sitrus in die land, word daar voorsien dat hierdie kommoditeite met twee en drie persent hoër as die skatting gaan klaar maak; dertien en sewentien persent hoër op 2018 onderskeidelik. Markverslae het aangedui dat 2019 die langste lemoen- en suurlemoenseisoen tot op datum in die Noordelike Halfrond is, met sommige Europese kleinhandelaars wat later en later in die seisoen na Suid-Afrikaanse vrugte oorskakel, of glad nie. Die sagte sitrusuitvoere het onstuimig begin met satsumas wat swak presteer het, alhoewel die Clementine volumes tot in 'n sekere mate vergoed het om aan Europa en die VK 'n bestendige voorsiening te verseker. Die groei in Nova-volumes was veral op nie-Europese markte gerig. Die finale telekonferensie vir die Sagte Sitrus fokusgroep sal volgende Dinsdag gehou word waar die láát mandaryne onder die soeklig sal kom. 'n Tema wat in alle Variëteitsfokusgroepe hierdie jaar voorgekom het was die frustrasies met die hawe vertragings se impak op verskeping. Soos in hierdie artikel aangedui, word 2019 gekenmerk as 'n 'af' jaar in terme van produksie. Volgende jaar kan daar 'n aansienlike toename in volumes wees, wat aansienlike verbetering in doeltreffendheid sal vereis.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 35 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 15.5 m | 18.3 m | 15.8 m | 16.6 m | 14.1 m | 17.1 m | **16 m** | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 12.9 m | 15.4 m | 17.3 m | 14.1 m | 15.5 m | 18.3 m | 18.9 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 18.4 m | 18.7 m | 20.9 m | 17.7 m | 18.1 m | 22 m | 22.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 20.9 m | 26.2 m | 23 m | 25.1 m | 20.4 m | 26.9 m | 23.9 m | 26.7 m |
| Valencias | 39.8 m | 37.3 m | 34.8 m | 27.3 m | 25.8 m | 52.9 m | **46.2 m** | 54.4 m |
| **Totaal** | **107.5 m** | **115.9 m** | **111.8 m** | **100.8 m** | **93.9 m** | **137.2 m** | **127.4 m** | **136 m** |